# RUILWAARDE.

## *Ruilnommers.*

Van die „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns," orgaan van die „Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns," het in Januarie 1943 van die „Nuwe Reeks" die tweede aflewering van deel 3 verskyn. Dit bevat eers twee lewensberigte, nl. van J. M. S. Rabie en Sen. F. S. Malan. Van die pas aan die P.U.K. aangestelde lektor in die Dierkunde, J. A. van Eeden, word 'n mooi wetenskaplike studie opgeneem oor „Die Skedelmorfologie van Elosia nasus"—die studie belowe veel vir ons Dierkunde-departement. Dr. G. Eloff, vroeër lektor in die Dierkunde aan die Randse Universiteit en tans tuis in Koffiefontein, lewer 'n pragtige, empiriese studie oor „Die Liggaamslengte en -gewig van die Boer" waarin hy ons meedeel „dat die Boer die grootste onder die blanke volke is" en „dat die gewig van die Boer aanmerklik hoër is as die gemiddelde gewig van Europeane in die algemeen." 'n Pragtige studie deur Dr. T. E. W. Schumann volg in verband met „'n ondersoek betreffende die grondslae van weervoorspelling: nuwe gesigspunte." Van belang is verder 'n studie deur Dr. Tj. Buning oor „Vondel en die geestelike drama van die Middeleeue." „Historiese Studies," uitgegee aan die Universiteit van Pretoria onder redaksie van Prof. Dr. I. D. Bosman, voltooi met sy Okt.-Des. 1942-uitgawe sy derde jaargang op 'n waardevolle wyse: dit bevat 'n lang, histories-wetenskaplike bydrae deur H. P. van Coller oor „Mampoer in die Stryd om die Bapeditroon"; 'n uitstaande kenmerk van die tydskrif is sy betroubare „Boekbespreking" wat in die uitgawe waargeneem is deur Prof. Bosman self. „Op die Horison," kwartaalblad van die N.G. Kerk in S. Afr. in verband met die Sending en verwante vraagstukke, tree met sy Maart-1943-uitgawe sy vyfde jaargang in. Vir persone geïnteresseer in die sending en sendingvraagstukke is dit 'n onmisbare bron van informasie en inspirasie. Besonder waardevol is die „Wenke ooreenkomstig die Afrikanerstandpunt van Apartheid" verkort oorgeneem uit „Wapenskou"; ander onderwerpe hierin bespreek sluit in: „As ek weer met my sendingswerk kon begin" (Ds. G. Murray), „Probleme in verband met Sendingwerk in Suid-Afrika" (Eerw. C. L. Brink), „Die Kopermyne in Noord-Rhodesië as sendingveld" (Dr. M. W. Retief). Die redaksie kan gerus die „Inhoud" volledig opstel met name van die skrywers. „Kort en Goed," die beste artikels uit die beste tydskrifte vir almal wat iets meer wil weet, is reeds ook al in sy vyfde jaargang. Dit is 'n lesenswaardige tydskrif; so jammer dat dit ons so baie ongereeld bereik: van verlede jaar ontbreek etlike nommers en die Januarie 1943-uitgawe het ook nie opgedaag nie.

* * *

## *Kerk en Godsdiens.*

Dr. B. B. Keet vervolg nog steeds in „Die Kerkbode" (3, 17 en 24 Feb. 24 Maart) sy verhandeling oor „Ons Redelike Godsdiens" en Ds. A. A. Weich syne in dieselfde orgaan (3, 10, 24 Feb. 3 Maart) oor „Die Liturgie." Besonder mooi gestel is in „Die Kerkbode" (10 Febr.) 'n artikel deur I. F. Retief oor „Die Gereformeerde Skrifuitleg." In „Die Hervormer" (Febr. en Maart) vervolg Prof. S. P. Engelbrecht sy „Dogmatiese Studies oor die Nederlandse Geloofsbelydenis." „Die Geref. Vaandel" (Febr.) bring 'n paar baie belangrike bydraes: Dr. E. E. van Rooyen oor „Die Prediking," Ds. C. F.

Kies oor „Die Ontaarding in die Godsdiens," Prof. Dr. G. B. A. Gerdener oor „Die Wese van die Eenheid" en Prof. D. Lategan se vervolgstudie oor „Die Openbaring van Johannes. In „Die Kerkblad" van 19 Maart reageer die redakteur met instemming op 'n inleidingsartikel van „Die Kerkbode" (24 Febr.) in verband met die baie vraagstukke wat die oorlog op allerlei lewensterrein veroorsaak.

* * *

## *Skool en Onderwys.*

Die belangrikste onderwysvraagstuk is vandag ongetwyfeld die „Mediumvraagstuk" (kyk „Die Kerkbode" 3 en 24 Febr.), „Die Voorligter" Febr., „Die Kerkblad" 5 en 19 Maart, „Onderwysblad" Febr., „Die Unie" Febr., „Inspan" (Febr. en Maart) om net 'n paar ruilnommers te noem). Dit oorskadu selfs die groot „Ontwerp-ordonnansie oor die onderwys in Transvaal" („Die Kerkbode" 3 Febr. „Onderwysblad" Febr.). 'n Noukeurige aandag geniet ook die Pretoriase Mediese Fakulteit („Die Kerkbode" 17 Febr., „Die Voorligter" Maart)—ons wil nou eenmaal daar 'n mediese opleiding hê gegrond op ons Afrikaans Christelik Nasionale beginsel! Ook die kleuterskoolbeweging begin uit prinsipiële oorweging die aandag van ons Afrikaners geniet—kyk „Die Kerkbode" 17 Febr. en „Inspan" Febr. Oor ons C.N.O.-stryd het daar twee sterk uiteenlopende studies verskyn: die eerste deur M. Vaandrager oor wie „Die Kerkblad" van 19 Maart spreek as 'n „C.N.O. veteraan aan die woord; die tweede deur Prof. Dr. A. H. Murray van die Kaapstadse Universiteit wat in „Die Unie" (Febr.) begin het met 'n reeks artikels- gerig veral teen Dr. E. Greyling en myself —onder die misterieuse opskrif „Van C.N.O. tot T.N.O." Ons wag hom in! Uit die „herinneringe" van Ds. J. A. van Rooy leer ons veel oor „Die Dorpskool" („Die Kerkblad" 5 Febr.) en „Die Gemeenteskool" (do. 5 Maart). Van gevaar is glad nie ontbloot die vertaling in „Onderwysblad" (Febr., Maart) van 'n artikel van Dr. L. F. Freed oor „Geslagtelike Opvoeding in Transvaalse Skole."

* * *

## *Land en Volk.*

Ds. A. M. Meiring wys in „Die Kerkbode" (3 en 17 Maart) baie beslis op die groot volksgevaar van „Die Honde-wedrenne." „Inspan" van Febr. en Maart bevat 'n paar baie goeie bydraes: „'n Eie bestemming vir ons Volk" (Ds. J. J. Engelbrecht), „Die gedurige weeropbouing van ons Volk" (Prof. Dr. J. F. Burger), en „Uiterlike vorme van die Kultuur" (Dr. W. E. G. Louw). Ds. J. J. Booysen handel in „Die Bondsblad" (Jan.) oor „Wat 'n godvresende staatsman wou he vir sy Volk"; terwyl die Redakteur van „Die Kerkblad" dit het oor „Daardie Voortrekkervolk" (5 Febr.), oor „Verkiesingsbewus" (19 Febr.) en „Kruger en Cromwell" (5 Maart) en raak dinge pakkend sê. Prof. Dr. J. D. du Toit gaan ook voort met sy mooi studie oor „Bybel en Boerdery" in „Die Kerkblad" (5 en 19 Febr., 5 en 19 Maart). 'n Mooi bydrae is ook die deur Ds. J. R. Albertyn in „Die Kerkbode" van 24 Maart oor „Die Sosiale skoling van ons predikante," en in dieselfde bron en uitgawe die uiters belangrike studie oor „Gesag en Mag" deur Drs. H. J. Strauss. Dr. L. V. Rex pak so 'n bietjie op sy Amerikaans die kommunisme beet in „Inspan" (Maart) onder die opskrif „Wat is hierdie Kommunisme?"

J. CHR. COETZEE.